



Redaksioneel

Die redaksie is weereens bevoorreg om artikels in hierdie laaste uitgawe van 2011 aan te bied. Soos gewoonlik is die artikels vanuit verskillende tradisies en teologiese dissiplines. Die eerste artikel, geskryf deur H.J.C Pieterse, vorm deel van die projek “Metateoretiese vertrekpunte in die Praktiese Teologie”. Binne die teologiese raamwerk van die projek, naamlik dat ons die werklikheid sien as God wat daarin werkzaam is en ook die interpretasie van die praksis vanuit ons teologiese invalshoek benader, handel hierdie artikel oor ’n benadering tot die interpretasie van die praksis, wat deur die outeur as ’n hermeneutiese moment gesien word. Tans bestaan daar onder andere die empiriese, hermeneutiese, bevrydingsteologiese en narratiewe benaderings tot die Praktiese Teologie. Die outeur het gekies om vanuit reformatories-teologiese perspektief die hermeneutiese benadering tot die vak te bespreek. Die wetenskapsfilosofiese teorieë oor die hermeneutiek, en die hermeneutiese benaderings tot die Praktiese Teologie van Browning, Dingemans, Heitink en Osmer word bespreek. Die gevolgtrekking is dat praktiese teoloë vanuit ’n reformatoriese perspektief krities by Osmer se benadering kan aansluit. Die artikel is aktueel en lewer ’n goeie bydrae tot die metateorie van die Praktiese Teologie.

P.A. Rousseau, C.A. Venter & C.J.H. Venter het navorsing gedoen oor die Piëtisme en met perspektiewe vanuit die Praktiese Teologie ’n artikel geskryf oor die wyse waarop die sogenaamde “second blessing” beleef word. Die doel van die navorsing was om die belewing van aanhangers van die vorm van piëtisme wat die sogenaamde “second blessing”, of tweede genadewerk benadruk, te ondersoek. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die heiligmaking oorbeklemtoon en die regverdigmaking afgeskaal word in hierdie vorm van piëtisme. ’n Doelgerigte steekproef van nege deelnemers is by die navorsing betrek. Tydens die inhoudsanalise van die verkreeë data kon redes aangedui word waarom sommige persone hierdie vorm van piëtistiese godsdiensbelewing aanhang, waarom sommige persone hierdie leer nie aanhang nie, waarom sommige persone hierdie vorm van piëtisme bly aanhang, en hoe persone daaruit “bevry” is of kan word. Daar is ook op praktyk-teoretiese vlak aangedui hoe geestelike leiers, beraders en ander gelowiges die

verkreë resultate kan aanwend in hulle hantering en/of begeleiding van persone wat hierdie vorm van piëtisme aanhang. Hierdie artikel bied ook waardevolle nuwe inligting vir die praktiese teologie.

In hulle artikel beskryf G. Breed en J. de Kock die resultate van 'n empiriese studie wat in die Gereformeerde Kerk Randburg gedurende Januarie 2009 gedoen is. Die doel van hierdie artikel was die insameling van inligting met die oog op die verbetering of verandering van die gemeente se bedieningsmodel ten opsigte van die bediening binne die gemeente. Die uiteindelijke doel is 'n gemeente wat mekaar bedien soos God dit in sy Woord voorskryf en wat groei tot volwassenheid, tot eer van sy Naam. Eerstens word die plek wat 'n empiriese ondersoek in die ontwikkeling van 'n bedieningsplan van 'n gemeente behoort in te neem, bespreek. Daarna word die historiese aanloop tot die empiriese ondersoek binne die Gereformeerde Kerk Randburg beskryf. Dit sluit die bedieningsplan in wat tot en met die ondersoek gevolg is, asook die mate van sukses wat daarmee behaal is. Hierna word die navorsingsmetodologie asook die resultate van die navorsing bespreek. Ten slotte word riglyne vir die ontwikkeling van 'n bedieningsmodel vanuit die resultate van die navorsing voorgehou. Hiermee word 'n bydrae gelewer wat ook met vrug in ander gemeentes toegepas kan word.

E.J. de Beer bied 'n teologies-etiese beoordeling van aftrede aan. Die historiese ontwikkeling van aftrede word eerstens ondersoek, waarna ondersoek ingestel word na die verskillende redes waarom mense aftree. Dit word gevolg deur 'n ondersoek na bybelse beginsels wat met werk en aftrede verband hou. Die belangrikste beginsel is dat God die mens as 'n altyd-werksame wese geskep het. Die redes waarom mense aftree, word in die lig van die vasgestelde beginsels beoordeel. Vanweë die gebrokenheid van die wêreld is daar talle redes waarom mense moet aftree. Die uitgangspunt behoort egter te wees dat 'n mens werksaam behoort te wees so lank as wat sy vermoëns dit toelaat.

Die fisikus P.H. Stoker skryf oor natuurwetenskaplike kennis en die Woord van God. Hy meld dat die Griekse wysgere ontken het dat ware kennis deur sensoriese waarneming verkry kan word. Vir Pithagoras en Plato was Wiskunde die primêre bron van kennis. In navolging van die Pithagoras-Plato-tradisie het wetenskaplikes wiskundige ordening van die wêreld as die mees reële en sekerste kennis aanvaar. Galileo het die natuurwetenskappe laat wegbeweeg van alledaagse waarnemings na abstrakte wiskundige beredenering. Vir Galileo was hierdie abstrakte geïdealiseerde wêreld die werklike wêreld. Stelsels in die natuur wat onbeheerbaar en ver van

ewewig is, word dikwels die bron van 'n nuwe ordelikeheid, kreatiwiteit en groei. So 'n oorgang kan nie in terme van lineêre tyd beskryf word nie. Nog voorbeelde van sulke oorgange is wanneer 'n groot aantal spesies uitgewis en vervang word met 'n nuwe versameling spesies. God openbaar nie in sy Woord kennis ten opsigte van die werking van die natuur nie – dit kan bekom word deur wetenskaplike metodes. Diegene wat egter nie God se bonatuurlike skeppingshandelinge aanvaar nie, moet deur hulle denke antwoorde vind omtrent die oorsprong, doel, betekenis en samehang van alles. Opeenvolgende skeppingsgegewens in Genesis 1 blyk ooreen te stem met huidige natuurwetenskaplike kennis. *In die Skriflig* verwelkom hierdie bydrae uit 'n ander dissipline veral vanweë die aktualiteit van die geloof-wetenskap gesprek.

K. Mwambazambi behandel 'n teologiese beskouing van omgewingsbeskerming in Afrika. Hy sê dat Afrikateoloë, en inderdaad die hele mensdom, 'n permanente individuele en kollektiewe verbintenis tot omgewingsbeskerming behoort te maak. Met behulp van konseptuele hulpmiddels, asook sosiologiese en teologiese kritiese analise, kan gedemonstreer word hoe konsepte soos politiek, ekonomie, oorlog, kultuur, tegnologie, verstedeliking, die internet, globalisering, missiologie en teologie verband hou met die ekologie en ons natuurlike omgewing. Afrikateoloë en besorgdes behoort gevolglik ekologiese norme in ag te neem en waar te neem as deel van die vervulling van hulle wêreldsending. Globale en plaaslike rolspelers moet dus die toepaslike verantwoordelikheid aanvaar ten einde die noodsaaklike ekologiese balans te verseker vir die handhawing van lewe op hierdie planeet.

S. Barry skrywe as etikus oor die Jubeljaar en wil 'n hermeneutiek ontwikkel vir sosiale en morele transformasie in Suid-Afrika. Hierdie artikel wil aantoon dat die Ou-Testamentiese konsep van die Jubeljaar nóg 'n anachronistiese, nóg 'n periferiese tema van die Skrif is. In werklikheid is dit 'n integrale deel van die Skrif, en weliswaar 'n hermeneutiese instrument vir die interpretasie en toepassing daarvan vir sosiale en morele transformasie in Suid-Afrika. Jesus het in ooreenstemming met die konsep van die Jubeljaar in die Ou Testament sy sending duidelik verstaan in terme van die proklamasie van die “jaar van die Here se guns” (Luk. 4:14-21). Hy het dit gedemonstreer deur goeie nuus aan die armes te verkondig, gevangenes te bevry, blindes se sig te herstel en die onderdrukte te bevry. Hierdie implikasies, so word beredeneer, behoort na die *missio Dei* te verwys, soos dit deur Jesus voorgehou is: holistiese evangelisasie; 'n verbintenis tot die waardes en beoefening van genesende geregtigheid; restourasie, genesing en hoop; ekonomiese

regverdigheid en grondhervorming; ekologiese verantwoordelikheid; en morele herstel.

Ook uit 'n etiese hoek beoordeel H. Zandman chimeriese navorsing. Die navorsing behels dat die menslike bloudruk (DNS) geïsoleer word en dan in verskeie toetsdiere geplaas word. Die doel van hierdie navorsing is eerbaar, naamlik die verligting van menslike lyding. Nietemin, die etiese gevolge van die samevoeging van 'n menslike en dierlike genoom is gewigtig, veral vir Christene. Die skepping van alle lewende wesens (elkeen volgens sy soort) en die beelddraende waardigheid van die mens kom onder geweldige etiese druk vir diegene wat 'n goddelike orde in God se ekologie vooronderstel. Hy oordeel dat die mens se beeldskap van God en die gevolglike konsep van menswaardigheid en 'n universele sin vir reg en verkeerd, steeds Christene en nie-Christene saambind in die oorweging van chimeriese navorsing. Terwyl die vermenging van menslike stam-selle met embrioniese diere plaasvind, protesteer sommige nie-Christelike outeurs dat menslike waardigheid aangetas word en die wese van die dier geskend word.

B.J. van der Walt gee 'n paslike wetenskaplike huldiging van die lewensbeskoulike agtergrond van die teologie van Tokunboh Adeyemo (1 Oktober 1944-17 Maart 2010). Die ondersoek ontwikkel soos volg: Eerstens word 'n kort oorsig van sy lewensgeskiedenis gebied, veral ten opsigte van sy opleiding in die Evangeliese tradisie. Dan word die dekor (die algemene toestand van die Afrika-Christendom) geskets – die agtergrond waarteen hy gelewe en gedink het. Dit word, in die derde plek, gevolg deur 'n kort analise van die sterk- en swakpunte van die evangeliese Christendom waarvan Adeyemo 'n verteenwoordiger was. In die vierde plek word kortliks aangetoon hoe Adeyemo, in ooreenstemming met die post-Lausanne evangelikalisme, gedink het. Vyfdens, word 'n voorlopige waardering van sy nalatenskap gegee. Die artikel word afgesluit met 'n bibliografie van sy belangrikste publikasies. Saam met die skrywer huldig *In die Skriflig* graag hierdie Reformatoriese denker wat Afrika opgelewer het.

Die uitgawe bevat ook enkele resensies. Ons vertrou dat die lesers van *In die Skriflig* waarde sal put uit hierdie uitgawe.

J.M. Vorster
(Hoofredakteur)